Spesialisnetwerke

medihelp
Mediese Fonds in Aksie

Waarom gebruik Medihelp spesialisnetwerke?

Deur gebruik te maak van spesialiste in die netwerk van genomineerde spesialiste vir VMV-dienste en die gekontrakteerde netwerk van chirurge met wie tariewe vir VMV- en nie-VMV-dienste onderhandel is, help jou om uitgawes uit jou eie sak te beperk. Die spesialisnetwerke is beskikbaar vir lede van al Medihelp se voordele-opsies en ondersteun die lewering van gehaltegesondheidsorg.

Wenk: Skakel jou spesialis se spreekkamer voordat jy 'n afspraak maak en doen navraag oor hulle tariewe. Sodoende sal jy weet presies hoeveel jy uit jou eie sak sal moet betaal, indien van toepassing. Jy kan ook vir 'n laer tarief onderhandel of reël vir afbetaling.

Wat is die verskil tussen die genomineerde en gekontrakteerde spesialisnetwerk?

	Genomineer	Gekontrakteer
Dienste	Slegs van toepassing op VMV-dienste binne en buite die hospitaal	Van toepassing op VMV-dienste en nie-VMV-dienste binne en buite die hospitaal
Kontrak	Spesialiste sluit nie 'n kontrak nie maar word genomineer om aan die netwerk deel te neem op grond van hulle kostedoeltreffendheid	Spesialiste sluit 'n kontrak met Medihelp om ooreengekome tariewe te hef
Toepaslike spesialiteite	Alle konsulterende en chirurgiese spesialispraktyke behalwe pediatriese chirurge en algemene chirurge	Slegs pediatriese, algemene en ortopediese chirurge en interniste

Hoe spoor ek 'n netwerkspesialis op?

Jy kan lyste van al Medihelp se netwerkspesialiste, -verskaffers, -hospitale en -dagchirurgiefasiliteite op ons webtuiste by www.medihelp.co.za kry of laai Medihelp se slimfoon-app vir lede af (beskikbaar op Google Play Store en iStore). Jy kan ook ons Kliëntesorgsentrum by 086 0100 678 skakel.

Netwerkvoordele-opsies, spesialisnetwerke en hospitalisasie

Daar is spesifieke hospitaalnetwerke vir die netwerkvoordele-opsies en die netwerkspesialiste praktiseer in hierdie hospitale om gekoördineerde sorg te verseker. Maak altyd seker dat die netwerkspesialis wat jy kies wel in jou netwerkhospitaal werk. Lede van die netwerkopsies wat nie netwerkspesialiste in netwerkhospitale gebruik nie, sal 'n bybetaling van 35% op die hospitaalrekening moet maak.

086 0100 678 | www.medihelp.co.za

Hoe betaal Medihelp spesialiste se rekenings?

Medihelp betaal jou spesialiste se rekenings vir konsultasies en behandeling volgens jou Medihelp-opsie se voordele. Raadpleeg jou opsie se gids vir besonderhede.

Voordeleopsie	Voordeel buite die hospitaal	Voordeel binne die hospitaal
Necesse Netwerk	Beskikbare bedrag vir spesialisvoordele 'n Algemene praktisyn in die Necesse-netwerk moet 'n bevoordeelde na 'n spesialis verwys om 'n 35%-bybetaling te voorkom	100% van die gekontrakteerde/ skematarief/ medisyneprys/koste
Unify Spaar	Spaarrekening	
Prime2 Spaar (netwerk en nienetwerk)	Word eers uit die 15%-spaarrekening betaal Beskikbare dag-tot-dag-voordelebedrag Prime 2 Netwerk: 'n Algemene praktisyn in die netwerk moet 'n bevoordeelde na 'n spesialis verwys om 'n 35%-bybetaling te verhoed	
Prime1 Hospitaalplan (netwerk en nienetwerk)	Beskikbare dag-tot-dag-voordelebedrag Prime 1 Netwerk: 'n Algemene praktisyn in die netwerk moet 'n bevoordeelde na 'n spesialis verwys om 'n 35%-bybetaling te verhoed	
Prime3 Omvattend (netwerk en nienetwerk)	Word eers uit die 10%-spaarrekening betaal Beskikbare dag-tot-dag-voordelebedrag Prime 3 Netwerk: 'n Algemene praktisyn in die netwerk moet 'n bevoordeelde na 'n spesialis verwys om 'n 35%-bybetaling te verhoed	
Elite Omvattend	Word eers uit die 10%-spaarrekening betaal Beskikbare dag-tot-dag-voordelebedrag (Onderhewig aan oorhoofse dag-tot-dag-limiet)	
Plus Omvattend	Beskikbare dag-tot-dag-voordelebedrag	

Betaling word op een van die volgende maniere gemaak, afhangende van jou spesialis se reëling met die Skema:

- Die spesialis dien 'n eis by Medihelp in en Medihelp betaal die spesialis. Indien die spesialis se fooi die skematarief oorskry, is jy aanspreeklik om die balans aan die spesialis te betaal.
- Die spesialis versoek jou om die rekening eers te betaal. Jy kan daarna die rekening by Medihelp indien vir 'n terugbetaling volgens jou beskikbare voordele.
- Die spesialis dien 'n eis by Medihelp in en Medihelp betaal die bydrae aan jou uit met die opdrag dat jy die spesialis se rekening ten volle moet betaal.

Medihelp is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (FSP No 15738)

A27592 SEP 2020